

## Sing vooraf: Psalm 33:2 (p. 157)

- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;  
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.  
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;  
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 89:1 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

## Geloofsbelydenis

Wet

## Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –  
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.  
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;  
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

## Gebed

## Psalm 118:12 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.  
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.  
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –  
dit is die dag van grote dinge, / die glorieskenke van u mag.

Skriflesing: Haggai 2 en Hebreërs 12.

Teks: Haggai 2:9; Hebreërs 12:28

**Die toekomstige heerlijkheid van hierdie huis sal groter wees as die  
vroeëre.** (Haggai 2:9 AFR53)

**Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons  
dankbaar wees, en God so welbehaaglik dien met eerbied en vrees.**  
(Hebreërs 12:28 AFR53)

Kersfees is die fees van God se vervulling van die genadeverbond.

- Met die geboorte van Christus het die vervulling begin dat die wankelbare dinge van hierdie wêreld aan die verbygaan is.
- Daarmee het die koms van God se vaste en ewige koninkryk 'n werklikheid geword.

In die gedeelte wat uit Haggai gelees is, is die Israeliete 'n baie moedelose volk. Die Here kom na hulle toe om hulle nuwe moed in te praat.

- Hulle moet die tempel weer herbou.
- Hierdie herboude tempel is vir hulle die simbool van die werklikheid van God se beloftes vir die toekoms.

Hulle kry egter nie die belofte dat hulle maar gerus kan agteroor sit, en dat die beloftes van God sommer uit die lug sal val nie.

- Die Here sê dat hulle hard moet werk en moed moet hou, want Hy is met hulle.
- Dit is 'n belofte wat baie eeue oud is: Dit is gesluit op Sinai.
  - Daar het die Here gesê: Julle is My volk en Ek is julle God.
  - Daar het hulle ook 'n teken ontvang dat die Here onder hulle woon as teken dat hulle sy volk is: Die tabernakel van die Here is tussen hulle opgeslaan.
  - Maar later het die volk die beloofde land ingetrek, en die tabernakeltent se tyd was verby. Toe het die tempel die simbool van God se teenwoordigheid geword.

Die volk se godsdiens het versleg, en hulle het 'n simbool daarvan ontvang – as 'n voldaan op hulle skuldrekening.

- Hulle tempel is verwoes, en hulle is weggevoer na Babel.
- Die simbool van God se inwoning is vernietig.

Dit is waarom ons 'n moedelose volk kry waar hulle in hulle eertydse hoofstad rondstaan.

- Hulle het met ontsetting uitgevind dat hulle in 'n wêreld lewe waar niks vasstaan nie.
- Alles hier op die aarde is aan die beweeg: Koninkryke kom aan bewind, en val ook weer net so gou.

Dan kom daar die troos: Die Here is weer by hulle!

- Die bewys daarvan is die tempel wat weer gebou gaan word.
- Maar hierdie tempel het sy betekenis verloor wat hy vroeër gehad het.
  - Dit het nou 'n profesie geword van 'n belofte wat vervul gaan word.
  - Dit is 'n belofte van 'n nuwe paradys wat gaan kom.
  - Dit profeteer 'n nuwe koninkryk van God waar alles nie weer so onstabiel en beweeglik gaan wees nie!

Vers 5 stel dit duidelik:

**en my Gees sal in julle midde bestendig bly; wees nie bevrees nie!**

(Haggai 2:5b AFR53)

- Daarmee verseker die Here sy sorg oor hulle.
- Hy sal hulle lei en regeer met sy Gees.
- Die Gees van die Here wat tussen hulle is, sal aan hulle die krag en die besieling gee om die tempel te herbou.

Die profesie loop op na 'n klimaks toe.

- Voordat hierdie koninkryk van God, waarin niks meer kan wankel nie, kom, gaan Hy weer die aarde en die hemel laat bewe.
  - Die hele skepping gaan in beweging kom.
  - Al die dinge wat aards is gaan geskud word totdat dit val.
- Dan kom daar 'n nuwe skepping.
  - 'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde.
  - Hierdie tempel wat hulle moet bou, is die simbool daarvan.
  - Soos wat hierdie afgebreekte tempel nuut opgebou word, so sal uiteindelik 'n nuwe aarde in God se koninkryk tot stand kom.

Maar die vervulling van hierdie belofte sal voorafgegaan word deur geweldige beroeringe in die natuur en in die volkerewêreld.

- Dit het begin met die geboorte van Christus.
  - Die hemel het oopgebreek, en die engele het op die aarde kom juig omdat die Seun van God gebore is.
  - Hulle het met gesange gejubel omdat die Een in die wêreld gekom het wat gaan begin om die koninkryk van God op te rig.
- Met sy kruisiging was dit ook so.
  - Toe Hy aan die kruis gesterf het, het die aarde gebewe van skrik. Die rotse het geskeur, en dooies het opgestaan.
  - In die middel van die dag het die son se lig weggevlug.

In vers 22 gee die Here nog verdere toeligting op die gebeure wat die heilsryk van die Messias sal voorafgaan.

**En Ek sal die koningstrone omverwerp en die mag van die heidense koninkryke verdelg;** (Haggai 2:22a AFR53)

Die onstabielheid van die wêreld is dus 'n produk van Christus se kruiswerk!

- Dit is waarom die een koninkryk na die ander opstaan en weer val.
- Die Here neem elke keer die troon van hulle af weg, want hulle is almal heiden-nasies. Dit is wat hier voorspel word.
  - Dit is een van die genadegawes wat ons oorgehou het van Christus se geboorte!
  - Hy is juis gebore sodat die krag van die wêreld deur die tyd gaan verbrokkel.
  - Hy is gebore om die begin te wees van die einde van hierdie wêreld en alles wat hier so wankel.
  - Hy is gebore sodat Hy kon begin om 'n koninkryk van God te bou wat vasstaan, en wat bo wankeling verhewe is!

*Baie van ons vier hierdie Kersfees met 'n donker gemoed. Wat gaan van ons word? Dit lyk asof die wêreld (almal) weer van nuuts af gekeer is teen ons wat in Jesus glo. Daarby is die Christene so diep verdeeld in hulleself! Alles in die wêreld is so verkeerd!*

Natuurlik moet dit so wees. Dis juis ons troos! As dit nie so was nie, moes ons bekommerd wees!

- Juis die feit dat die wêreld in hierdie toestand is, is die bewys dat die ingrype van God oor die wêreld in vervulling gaan.
- Die wêreld lewer nie vastigheid vir ons op nie.
  - Dit bied 'n lewe van dubbele standaarde, en die onsekerheid van alles word op twyfel en wankelende beginsels gebou.
  - Daarmee sê God aan ons dat die skrif vir die wêreld teen die muur is.
  - Hy is besig om die koninkryke teen Hom hulle trone te ontnem.

Dit was juis die belofte van Kersfees:

- Terwyl die aardse mag en grootheid inmeekaarstort, ontvang die tempel van God al die luister.
- By al hierdie oënskynlike teëspoed, vervul die Here ons met die heerlikheid van sy genade.
- Die rykdom van Kersfees lê daarin dat daar daardie dag tasbaar begin is om die belofte van die teenwoordigheid van God en van sy koninkryk ten uitvoer te bring.

Die koms van Christus op Kersdag was egter nie die volle vervulling van die belofte nie. Dit was die begin van die vervulling.

- Daarom moet hierdie belofte nog verder ontwikkel.
- Die ontwikkeling kom dan ook daarin uit dat die Here ons aansê om te gaan werk en te glo.
- Ons moet werk totdat hierdie wêreld met al sy onvastheid vervang word met die koninkryk van God se nabyheid.
- Dit is die belofte van Kersdag wat nog in vervulling moet gaan!

Haggai leer dat God onder sy volk kom woon. Dis die ware Kersfees wanneer Christus kom woon onder die mense.

- Daarom lei Jesus die dissipels op sodat hulle kerke moes stig en begin in die hele wêreld.
- Hierdie belofte dat die Here kom om onder ons te woon, gaan ook daarin vervul word dat die kerk uiteindelik eendag by die Here vergader gaan word op die Nuwe Aarde.

Daarom is die buitekant van die kerk in Jerusalem in die tyd van Haggai nie so belangrik nie.

- Die kerk van Haggai het net getuig dat Christus kom.
- Toe het Kersfees gekom: Die Here Jesus het Hom in die kerk aan ons kom openbaar.
- Maar sy beloftes reik so ver dat op die gesigseinder selfs die aardse kerk se tyd verstryk het.
- Die vervulling is wanneer God rondom die mense woon:
  - Wanneer die tabernakel van God onder die mense is en Hy die trane van hulle oë afdroog.
  - Wanneer die koninkryk van Jesus Christus vreugde tot in ewigheid beskik vir die wat die koms van God se koninkryk aanvaar.
  - Die vervulling is vir die wat glo in die Seun van God: Die wat glo dat Hy op die aarde gebore is om hierdie verlossingstaak, voorsieningstaak en herskeppingstaak te verrig. Met ander woorde vir die wat glo in die beloftes van Kersfees.

Kersfees was die prediking van genade en versoening.

- Die genade het daarin bestaan dat die beloftes van God se inwoning toe 'n werklikheid geword het.
- Die betekenis van Haggai se woorde is ook duideliker as ons so daarna kyk: Die toekomstige heerlijkheid van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre – omdat Christus daarin is. En omdat dit uiteindelik sal bestaan uit God se teenwoordigheid.

Die eerste Kersfees was dus die begin van die vervulling hiervan. Ons verwag nou die tweede Kersfees. Die finale vervulling van God se koninkryk. Die koms van Jesus Christus op die wolke.

- Ons wag vir die belofte van Hebreërs 12:28. Die koninkryk is besig om te kom in 'n wankelmoedige wêreld.
- Die koninkryk van God gaan kom deur hierdie wêreld tot in sy fundamente te skud en die bestaande ordes almal om te keer.
- Christus het dit reeds in beginsel gedoen. Maar die krag van sy werk is nog onsigbaar.

Met die geboorte van die Here Jesus het die engele gejubel omdat hulle geweet het hulle sou weldra sien hoe die deure van die hel afgebreek word.

- Hulle het gesing omdat die uitverkorenes van verdoeming gered word.
- Hulle het toe reeds geweet hoe ons tot heerlijkheid gebring sou word.
- Maar die eerste Kersfees is verby. Ons het nou net die onsigbare beloftes.
- Ons wag nou op die tweede Kersfees – die wederkoms van Christus: Die afronding van die beloftes aan Haggai.
- Deur Jesus Christus se eerste verdienste word ons 'n koninklike priesterdom wanneer Hy weer kom – 'n heilige volk wat die deugde van Christus moet besing.

**Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, (1 Petrus 2:9 AFR1953)**

Ons vier Kersfees. Ons vier ons afwagting op die wederkoms.

- Ons is dankbaar dat ons dit kan doen, want die werk van Christus is nog altyd aan die gang, en ons herdenk dit met Kersfees totdat die Here weer op die wolke kom.
- Elke jaar onthou ons met Kersfees ons rykdom in die Here Jesus Christus!

Maar selfs die beloftes van God is nie sonder die eis tot verantwoordelikheid nie!

- Ons word opgewek om dankbaar te wees vir al die genade oor ons.
- Ons moet 'n verantwoordelike dankbaarheid aan die dag lê deur die Here met welbehag te dien en eerbiedig en Godvresend te wees.
  - Maak dit 'n lewensvoorneme om God met meer ywer te dien as wat ons dit tot nou toe gedoen het – as dit maar enigsins moontlik is.
  - Gee aan die Here die verskuldigde eerbied, want Hy belowe nie alleen nie, maar voer elke belofte uit!
  - Vrees die Here, sodat die boodskap van Kersfees nie by ons verbygaan nie!

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 116:1 (p. 569)

1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehag;  
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 22 Desember 2013